

EXTRAORDINARY

BUITENGEWONE



THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskroerant

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

[Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.]

Price 10c Prys

Overseas 15c Oorsee

POST FREE—POSVRY

Vol. 24.]

CAPE TOWN, 26TH JUNE, 1967.
KAAPSTAD, 26 JUNIE 1967.

[No. 1776.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 944.] [26th June, 1967.

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

	PAGE
No. 84 of 1967: Removal of Restrictions Act, 1967	2
No. 85 of 1967: Defence Amendment Act, 1967	14
No. 86 of 1967: Abattoir Commission Act, 1967	52
No. 87 of 1967: Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act, 1967	88
No. 89 of 1967: Nuclear Installations (Licensing and Security) Amendment Act, 1967	118
No. 90 of 1967: Atomic Energy Act, 1967	120
No. 101 of 1967: Transkei Constitution Amendment Act, 1967.	152

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 944.]	[26 Junie 1967.
Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—	BLADSY
No. 84 van 1967: Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 3
No. 85 van 1967: Wysigingswet op Verdediging, 1967 15
No. 86 van 1967: Wet op die Abattoirkommissie, 1967 53
No. 87 van 1967: Wet op Higiëne by Diereslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1967 89
No. 89 van 1967: Wysigingswet op Kerninstallasies (Lisensiëring en Sekerheidstelling), 1967 119
No. 90 van 1967: Wet op Atoomkrag, 1967 121
No. 101 van 1967: Wysigingswet op die Transkeiese Grondwet, 1967 153

No. 84, 1967.]

ACT

To empower the Administrator of a province to alter, suspend or remove certain restrictions and obligations in respect of land in the province; to repeal the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946; to validate certain proclamations of Administrators; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the Acting State President.)
(Assented to 19th June, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
 - (i) "Administrator" means the Administrator of a province acting with the consent of the Executive Committee; (ii)
 - (ii) "local authority" means an institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961); (v)
 - (iii) "Minister" means the Minister of Community Development; (iv)
 - (iv) "provincial secretary" means the provincial secretary of a province or any officer acting on his behalf; (vi)
 - (v) "township" means a township as defined in section 102 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937); (ii)
 - (vi) "townships board" means—
 - (a) in relation to land in the province of the Cape of Good Hope, the Townships Board constituted under section 2 of the Townships Ordinance, 1934 (Ordinance No. 33 of 1934), of that province;
 - (b) in relation to land in the province of the Transvaal, the Townships Board established under section 3 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance No. 25 of 1965), of that province;
 - (c) in relation to land in the province of the Orange Free State, the Townships Board constituted under section 4 of the Townships Ordinance 1947 (Ordinance No. 20 of 1947), of that province;
 - (d) in relation to land in the province of Natal—
 - (i) the Private Townships Board established by section 8 of the Town Planning Ordinance, 1949 (Ordinance No. 27 of 1949), of that province; or
 - (ii) the Town and Regional Planning Commission established by section 2 of the Town Planning Ordinance, 1949, of that province.
 - (iii)

**Alteration,
suspension
or removal
of restrictions
or obligations
in respect of
land by the
Administrator.**

2. (1) Whenever the Administrator of a province in which the land in question is situate, is satisfied—
 - (a) that it is desirable to do so in the interest of the development of any township or in the interest of any area, whether it is situate in an urban area or not, or in the public interest; or
 - (b) that the land in question is required—
 - (i) for ecclesiastical purposes by the owner or purchaser thereof; or
 - (ii) for public purposes by the State or a local authority; or

No. 84, 1967.]

WET

Tot magtiging van die Administrateur van 'n provinsie om sekere beperkings en verpligtings ten opsigte van grond in die provinsie te wysig, op te skort of op te hef; om die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946, te herroep; om sekere proklamasies van Administrateurs geldig te verklaar; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, Woord-omskrywing.

- (i) „Administrateur” die Administrateur van 'n provinsie handelend met die instemming van die Uitvoerende Komitee; (i)
- (ii) „dorp” 'n dorp soos omskryf in artikel 102 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937); (v)
- (iii) „dorperaad”—
 - (a) met betrekking tot grond in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop, die Dorpekommisie saamgestel kragtens artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpe, 1934 (Ordonnansie No. 33 van 1934), van daardie provinsie;
 - (b) met betrekking tot grond in die provinsie Transvaal, die Dorperaad soos ingestel kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie No. 25 van 1965), van daardie provinsie;
 - (c) met betrekking tot grond in die provinsie die Oranje-Vrystaat, die Dorperaad soos saamgestel kragtens artikel 4 van die Dorpe-Ordonnansie, 1947 (Ordonnansie No. 20 van 1947), van daardie provinsie;
 - (d) met betrekking tot grond in die provinsie Natal—
 - (i) die Privaatdorperaad wat by artikel 8 van die Dorpbeplanningsordonnansie, 1949 (Ordonnansie No. 27 van 1949), van daardie provinsie, in die lewe geroep is; of
 - (ii) die Dorp- en Streekbeplanningskommisie wat by artikel 2 van die Dorpbeplanningsordonnansie, 1949, van daardie provinsie, in die lewe geroep is; (vi)
 - (iv) „Minister” die Minister van Gemeenskapsbou; (iii)
 - (v) „plaaslike owerheid” 'n instelling of liggaam wat in artikel 84 (1) (f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), beoog word; (ii)
 - (vi) „provinsiale sekretaris” die provinsiale sekretaris van 'n provinsie of 'n beampete wat namens hom optree. (iv)

- 2.** (1) Wanneer die Administrateur van 'n provinsie waarin die betrokke grond geleë is, oortuig is—
 - (a) dat dit in die belang van die ontwikkeling van 'n dorp of in die belang van enige gebied, het sy dit binne 'n stadsgebied val al dan nie, of in die openbare belang wenslik is om dit te doen; of
 - (b) dat die betrokke grond benodig is—
 - (i) vir kerklike doeleinades deur die eienaar of koper daarvan; of
 - (ii) vir openbare doeleinades deur die Staat of 'n plaaslike owerheid; of
- Wysiging,
opskorting of
opheffing van
beperkings of
verpligtings ten
opsigte van
grond deur
die Admini-
strateur.

- (iii) for the use or erection of any building by the State or a local authority; or
- (iv) for purposes incidental to any purpose mentioned in subparagraphs (i) to (iii), inclusive,

he may, subject to the provisions of this Act, of his own accord or on application of any person in terms of section 3, by proclamation in the *Official Gazette* of the province, alter, suspend or remove, either permanently or for a period specified in such proclamation, and either unconditionally or subject to any condition so specified, any restriction or obligation which is binding on the owner of the land by virtue of—

- (aa) a restrictive condition or servitude registered against the title deed of the land; or
- (bb) a provision of a law relating to the establishment of townships or to town planning; or
- (cc) a provision of a by-law or of a regulation or of a townplanning scheme; or
- (dd) a provision of a townplanning scheme and a restrictive condition or servitude registered against the title deed of the land; or
- (ee) a provision of a townplanning scheme and a provision of a law relating to the establishment of townships or to town planning,

and which relates to—

- (aaa) the subdivision of the land; or
- (bbb) the purpose for which the land may be used; or
- (ccc) the requirements to be complied with or to be observed in connection with the erection of buildings or the use of the land.

(2) The provisions of subsection (1) shall not apply in respect of any condition of title affecting rights to minerals or any condition imposed under the provisions of section 5 (3) of the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908), of the Transvaal or of section 16 (3) of the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), or in respect of any condition specifically prohibiting or restricting the sale or supply of intoxicating liquor or the sale, lease or occupation of any land to or by a non-white person, except in so far as such condition relates to the occupation of land which is used or is intended to be used for public purposes by the State or a local authority.

(3) When a restriction or obligation which is binding on the owner of any land by virtue of a town-planning scheme, is altered in terms of subsection (1), the provisions of any law on townplanning which is in force in the province in which the land is situate and which relates to the payment of a development contribution, as contemplated in that law, shall apply as if such alteration were an alteration of the townplanning scheme in terms of that law.

(4) Before the Administrator issues any proclamation under this section of his own accord in any case in which the rights of any person may be adversely affected without such person's consent, the Administrator shall—

- (a) if the land concerned is situate in the area of a local authority, cause a notice to be served on the said local authority informing it of the proposed alteration, suspension or removal, as the case may be, of the restriction or obligation specified in such notice and calling for its comments and recommendation to be lodged with him within a period of twenty-one days after the date of such notice; and
- (b) cause a notice in both official languages to be published once in the *Official Gazette* of the province and twice with an interval of one week in a newspaper circulating in the area in which the land is situate, of the proposed alteration, suspension or removal, as the case may be, of the restriction or obligation specified in such notice and calling for objections against the proposal to be lodged with him within a period of twenty-one days after the date of the last publication of such notice, and he shall also cause, where possible, a copy of such notice to be served on every owner of land who in his opinion is directly affected by the proposal, such service to be effected by registered post addressed to such owner at his last known address; and

- (iii) vir die gebruik of oprigting van 'n gebou deur die Staat of 'n plaaslike owerheid; of
(iv) vir doeleindest wat in verband staan met 'n doel-einde in subparagrawe (i) tot en met (iii) genoem, kan hy, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, uit eie beweging of op aansoek deur enige persoon ingevolge artikel 3, by proklamasie in die *Offisiële Koerant* van die provinsie enige beperking of verpligting wat vir die eienaar van die grond bindend is uit hoofde van—
(aa) 'n beperkende voorwaarde of serwituut wat teen die titelbewys van die grond geregistreer is; of
(bb) 'n wetsbepaling betreffende die stigting van dorpe of die aanleg van dorpe; of
(cc) 'n bepaling van 'n verordening of van 'n regulasie of van 'n dorpsaanlegskema; of
(dd) 'n bepaling van 'n dorpsaanlegskema en 'n beperkende voorwaarde of serwituut geregistreer teen die titelbewys van die grond; of
(ee) 'n bepaling van 'n dorpsaanlegskema en 'n wetsbepaling betreffende die stigting van dorpe of die aanleg van dorpe,
en wat betrekking het op—
(aaa) die onderverdeling van die grond; of
(bbb) die doel waarvoor die grond gebruik mag word; of
(ccc) die vereistes waaraan in verband met die oprigting van geboue of die gebruik van die grond voldoen moet word of wat in daardie verband nagekom moet word, wysig, opskort of ophef, hetsy blywend of vir 'n in die proklamasie vermelde tydperk, hetsy onvoorwaardelike of onderworpe aan enige aldus vermelde voorwaarde.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n titelvoorraarde wat die reg op minerale raak of 'n voorraarde wat ingevolge die bepalings van artikel 5 (3) van die „Townships Amendment Act, 1908“ (Wet No. 34 van 1908), van Transvaal, of van artikel 16 (3) van die Oranje-Vrystaatse Metaalmyn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), opgelê is, of ten opsigte van 'n voorraarde wat die verkoop of verskaffing van bedwelmende drank of die verkoop, verhuur of okkupasie van grond aan of deur 'n nie-blanke spesifiek verbied of beperk behalwe vir sover so 'n voorraarde betrekking het op die okkupasie van grond wat deur die Staat of 'n plaaslike owerheid vir openbare doeleindest gebruik word of bestem is vir gebruik vir sodanige doeleindest.

(3) Indien 'n beperking of verpligting wat uit hoofde van 'n dorpsaanlegskema vir die eienaar van grond bindend is, ingevolge subartikel (1) gewysig word, is die bepalings van 'n wet op die aanleg van dorpe wat van krag is in die provinsie waarin die grond geleë is, en wat betrekking het op die betaling van 'n ontwikkelingsbydrae, soos in daardie wet beoog, van toepassing asof sodanige wysiging 'n wysiging van die dorpsaanlegskema ingevolge daardie wet is.

(4) Voordat die Administrateur uit eie beweging 'n proklamasie kragtens hierdie artikel uitrek in 'n geval waar 'n persoon se regte sonder daardie persoon se toestemming nadelig geraak kan word, moet die Administrateur—

- (a) indien die betrokke grond in die gebied van 'n plaaslike owerheid geleë is, 'n kennisgewing aan daardie plaaslike owerheid laat bestel waarin die plaaslike owerheid verwittig word van die voorgestelde wysiging, opskorting of opheffing, na gelang van die geval, van die beperking of verpligting in sodanige kennisgewing vermeld en gevra word om sy kommentaar en aanbeveling binne 'n tydperk van een-en-twintig dae na die datum van sodanige kennisgewing by hom in te dien; en
(b) 'n kennisgewing in albei amptelike tale een keer in die *Offisiële Koerant* van die provinsie en twee keer met 'n tussenpoos van 'n week in 'n nuusblad wat in die gebied waarin die grond geleë is, in omloop is, laat publiseer waarin die voorgestelde wysiging, opskorting of opheffing, na gelang van die geval, van die beperking of verpligting in sodanige kennisgewing vermeld word, en waarin versoek word dat besware teen die voorstel by hom ingedien moet word binne 'n tydperk van een-en-twintig dae na die datum van die laaste publikasie van sodanige kennisgewing, en moet hy ook, waar moontlik, 'n afskrif van sodanige kennisgewing laat bestel aan elke eienaar van grond wat na sy oordeel regstreeks deur die voorstel geraak word, sodanige bestelling te geskied per aangetekende pos geadresseer aan sodanige eienaar by sy laaste bekende adres; en

(c) comply with the provisions of section 4 (1), (2) and (4), which shall apply *mutatis mutandis* as if application had been made for the proposed alteration, suspension or removal, as the case may be, of the restriction or obligation concerned.

Form and method of application.

3. (1) Any person who wishes to apply to an Administrator for the alteration, suspension or removal of a restriction or obligation referred to in section 2 (1), shall submit his application in the form prescribed by the Administrator and the application shall be accompanied by such documents and particulars as the Administrator may require.

(2) If the land concerned is situate in the area of a local authority, the application shall be lodged with such local authority and the applicant shall simultaneously forward a copy of such application to the provincial secretary of the province wherein the land is situate. The local authority shall transmit the application to the provincial secretary together with its comments and recommendation thereon.

(3) If the land concerned is not situate in the area of a local authority or if the application is made by a local authority, the application shall be lodged with the provincial secretary of the province wherein such land is situate.

(4) If the land is encumbered by a bond and the application is made by the owner of the land, the application shall be accompanied by the bondholder's consent to such application and if any bond is registered against the land after the date of the application and before the publication of the relevant proclamation, the owner of the land shall furnish the provincial secretary with the consent of the holder of such bond to such application.

(5) The applicant (if he be a person other than the State) shall deposit with the said provincial secretary such an amount as the Administrator may consider sufficient to cover the expenses which will be incurred by the provincial administration in connection with the application, and shall also give an undertaking to defray any such expenses in excess of the amount so deposited.

(6) On receipt of an application the provincial secretary shall cause a notice in both official languages to be published once in the *Official Gazette* of the province and twice with an interval of one week in a newspaper circulating in the area in which the land is situate, stating that such an application has been made, that it is open to inspection at the office of the provincial secretary and at any other place or places, if any, mentioned in the notice, and that objections against the application may be lodged with the provincial secretary on or before a specified date which shall not be less than twenty-one days after the date of the last publication of the notice, and the provincial secretary shall also cause, where possible, a copy of the notice to be served on every owner of land who in his opinion is directly affected by the application, such service to be effected by registered post addressed to such owner at his last known address.

(7) A copy of every objection received by the provincial secretary shall be sent to the applicant by registered post.

(8) If a local authority fails to transmit an application referred to in subsection (2) together with its comments and recommendation thereon, to the provincial secretary within a period of thirty days after the receipt thereof or within such further period as the provincial secretary may on request allow, the application may be dealt with and finalized without such comments and recommendation.

Consideration of application by townships board and Administrator.

4. (1) On the expiration of the period within which objections may be lodged in terms of the notice referred to in section 3 (6), the provincial secretary shall refer the application together with all objections and all relevant documents and particulars to the townships board for investigation and its recommendation, and the provisions of any law for the time being in force relating to the powers and procedure of the said board in carrying out any investigation in connection with the establishment of a township, shall *mutatis mutandis* apply with reference to any investigation under this subsection.

(2) After consideration of the application, the recommendation of the townships board and the objections and other relevant documents and particulars, the Administrator may grant the application or refuse it.

(c) voldoen aan die bepalings van artikel 4 (1), (2) en (4), wat *mutatis mutandis* van toepassing is asof 'n aansoek om die voorgestelde wysiging, opskorting of opheffing, na gelang van die geval, van die betrokke beperking of verpligting gedoen was.

3. (1) Iemand wat by 'n Administrateur aansoek wil doen om die wysiging, opskorting of opheffing van 'n beperking of verpligting in artikel 2 (1) bedoel, moet sy aansoek doen in die vorm wat die Administrateur voorskryf en die aansoek moet vergesel gaan van die dokumente en besonderhede wat die Administrateur verlang.

(2) Indien die betrokke grond in die gebied van 'n plaaslike owerheid geleë is, moet die aansoek by daardie plaaslike owerheid ingedien word en moet die aansoeker gelyktydig 'n afskrif van sodanige aansoek aan die provinsiale sekretaris van die provinsie waarin die grond geleë is, stuur. Die plaaslike bestuur moet die aansoek met sy kommentaar daarop en aanbeveling daaroor aan die provinsiale sekretaris deurstuur.

(3) Indien die betrokke grond nie in die gebied van 'n plaaslike owerheid geleë is nie of indien die aansoek deur 'n plaaslike owerheid gedoen word, moet die aansoek by die provinsiale sekretaris van die provinsie waarin die grond geleë is, ingedien word.

(4) As daar 'n verband op die grond rus en die aansoek deur die eienaar van die grond gedoen word, moet die aansoek vergesel gaan van die toestemming van die verbandhouer tot die aansoek en indien 'n verband na die datum van die aansoek en voor die publikasie van die betrokke proklamasie teen die grond geregistreer word, moet die eienaar van die grond die toestemming van die houer van sodanige verband tot die aansoek aan die provinsiale sekretaris verskaf.

(5) Die aansoeker (as hy 'n ander persoon as die Staat is) deponeer by bedoelde provinsiale sekretaris die bedrag wat die Administrateur voldoende ag om die uitgawes te dek wat die provinsiale administrasie in verband met die aansoek sal aangaan, en onderneem ook om enige sodanige uitgawes wat meer is as die aldus gedeponeerde bedrag, te betaal.

(6) By ontvangs van 'n aansoek laat die provinsiale sekretaris een keer in die *Offisiële Koerant* van die provinsie en twee keer met 'n tussenpoos van 'n week in 'n nuusblad wat in die gebied waarin die grond geleë is, in omloop is, 'n kennisgewing in albei amptelike tale publiseer, waarin vermeld word dat so 'n aansoek gedoen is, dat dit ter insae lê by die kantoor van die provinsiale sekretaris en die ander plek of plekke, indien daar is, wat in die kennisgewing genoem word, en dat besware teen die aansoek by die provinsiale sekretaris ingedien kan word op of voor 'n bepaalde datum, wat minstens een-en-twintig dae na die datum van die laaste publikasie van die kennisgewing moet wees, en laat die provinsiale sekretaris ook, waar moontlik, 'n afskrif van die kennisgewing bestel aan elke eienaar van grond wat na sy mening regstreeks deur die aansoek geraak word, sodanige bestelling te geskied per aangetekende pos geadresseer aan sodanige eienaar by sy laaste bekende adres.

(7) 'n Afskrif van elke beswaar wat deur die provinsiale sekretaris ontvang word, word per aangetekende pos aan die aansoeker gestuur.

(8) Indien 'n plaaslike bestuur versuim om 'n in subartikel (2) bedoelde aansoek met sy kommentaar daarop en aanbeveling daaroor aan die provinsiale sekretaris deur te stuur binne 'n tydperk van dertig dae na ontvangs daarvan of binne die verdere tydperk wat die provinsiale sekretaris op versoek toelaat, kan die aansoek sonder daardie kommentaar en aanbeveling behandel en afgehandel word.

4. (1) By verstryking van die tydperk waarin besware ingevolge die in artikel 3 (6) bedoelde kennisgewing ingedien kan word, verwys die provinsiale sekretaris die aansoek tesame met alle besware en alle ter sake dienende dokumente en besonderhede na die dorperaad vir ondersoek en sy aanbeveling, en die bepalings van enige wet betreffende die bevoegdhede en procedure van bedoelde raad by die instel van 'n ondersoek in verband met die stigting van 'n dorp, wat dan van krag is, is *mutatis mutandis* met betrekking tot 'n ondersoek kragtens hierdie subartikel van toepassing.

Oorweging van
aansoek deur
dorperaad en
Administrateur.

(2) Na oorweging van die aansoek, die aanbeveling van die dorperaad en die besware en ander ter sake dienende dokumente en besonderhede, kan die Administrateur die aansoek toestaan of dit weier.

(3) In addition to any other conditions, if any, he may impose, the Administrator may grant an application subject to the condition that the applicant shall pay to any objector specified in such condition, the value of whose land or a real right in land will, in the opinion of the Administrator, be adversely affected materially by the granting of the application, compensation in an amount which, in the absence of agreement between such applicant and objector, shall be determined by the Administrator and be likewise specified, and the Administrator's determination shall be final.

(4) If an objection is lodged against an application for the alteration, suspension or removal of a restriction or obligation relating to the purpose for which land may be used, the Administrator shall not grant such application without the approval of the Minister.

Alteration,
suspension
or removal of
restrictions or
obligations at
the request of
the Minister.

5. (1) Whenever the Minister, for the purpose of carrying out any of his functions, deems it desirable in the public interest that a restriction or obligation referred to in section 2 (1) in respect of a defined piece or pieces of land be altered, suspended or removed either permanently or for a fixed period either unconditionally or subject to conditions, he may inform the Administrator of the province in which the said land is situate, of his views.

(2) On receipt of the Minister's views, the Administrator shall—

- (a) if an application for a similar alteration, suspension or removal of such a restriction or obligation in respect of the same land was addressed to and refused by the Administrator during the preceding twelve months, submit all relevant documents, information, comments and recommendations received by him in connection with such application, together with his own views and recommendation thereon, to the Minister; or
- (b) if an application such as is referred to in paragraph (a) was not addressed to and refused by the Administrator during the preceding twelve months—
 - (i) if the land concerned is situate in the area of a local authority, inform the said local authority of the Minister's views and call for its comments and recommendation thereon; and
 - (ii) cause a notice in both official languages to be published once in the *Official Gazette* of the province and twice with an interval of one week in a newspaper circulating in the area in which the land is situate, stating the views of the Minister and stating that objections thereto may be lodged with the provincial secretary on or before a specified date, which shall not be less than twenty-one days after the date of the last publication of the notice, and shall also, where possible, cause a copy of the notice to be served on every owner of the said land and every holder of a bond encumbering the said land, as well as such other owners of land who in his opinion will be directly affected by the proposal contained in the Minister's views, such service to be effected by registered post addressed to such owner or landholder at his last known address.

(3) If such local authority or any such owner or bondholder does not lodge its or his comments and recommendation or objection with the provincial secretary within the period fixed in such notice, it or he shall be deemed to have consented to the proposal contained in the Minister's views as stated in such notice.

(4) On receipt of the comments and recommendation or objections, if any, of the local authority, owners and bondholders referred to in subsection (2) (b) (i) and (ii), or after the expiration of the period fixed in the notice, whichever event happens first, the Administrator shall refer the Minister's views together with the comments and recommendation and objections received and all relevant information and documents at his disposal to the townships board for investigation and its recommendation, and the provisions of any law for the time being in force relating to the powers and procedure of the said board in carrying out any investigation in connection with the establishment of a township, shall *mutatis mutandis* apply with reference to any investigation under this subsection.

(3) Benewens enige ander voorwaardes, as daar is, wat hy ople, kan die Administrateur 'n aansoek toestaan onderworpe aan die voorwaarde dat die aansoeker aan enige beswaarmaker in die voorwaarde vermeld wie se grond of saaklike reg in grond na die Administrateur se oordeel, in 'n wesenlike opsig nadelig deur die toestaan van die aansoek geraak sal word, vergoeding moet betaal teen 'n bedrag wat die Administrateur, by ontstentenis van ooreenkoms tussen die aansoeker en die beswaarmaker, bepaal en insgelyks vermeld, en die Administrateur se bepaling is afdoende.

(4) Indien daar teen 'n aansoek om die wysiging, opskorting of opheffing van 'n beperking of verpligting wat betrekking het op die doel waarvoor grond gebruik mag word, beswaar ingedien word, staan die Administrateur die aansoek nie sonder die goedkeuring van die Minister toe nie.

5. (1) Wanneer die Minister vir die uitvoering van enige van sy funksies dit in die openbare belang wenslik ag dat 'n in artikel 2 (1) bedoelde beperking of verpligting met betrekking tot 'n bepaalde stuk of stukke grond gewysig, opgeskort of opgehef moet word, hetsy blywend of vir 'n bepaalde tydperk, hetsy onvoorwaardelik of onderworpe aan voorwaardes, kan hy die Administrateur van die provinsie waarin daardie grond geleë is van sy sienswyse verwittig.

(2) By ontvangs van die Minister se sienswyse moet die Administrateur—

(a) indien 'n aansoek om 'n soortgelyke wysiging, opskorting of opheffing van so 'n beperking of verpligting ten opsigte van dieselfde grond in die voorafgaande twaalf maande aan die Administrateur gerig en deur hom geweier is, alle ter sake dienende dokumente, inligting, opmerkings en aanbevelings wat deur hom in verband met sodanige aansoek ontvang is, tesame met sy eie sienswyse en aanbeveling daaroor, aan die Minister voorlê; of

(b) indien 'n aansoek soos in paragraaf (a) bedoel nie gedurende die voorafgaande twaalf maande aan die Administrateur gerig en deur hom geweier is nie—

(i) indien die betrokke grond in die gebied van 'n plaaslike owerheid geleë is, die betrokke plaaslike owerheid van die Minister se sienswyse verwittig en om sy opmerkings en aanbeveling daaroor vra; en

(ii) een keer in die *Offisiële Koerant* van die provinsie en twee keer met 'n tussenpoos van 'n week in 'n nuusblad wat in die gebied waarin die grond geleë is, in omloop is 'n kennisgewing in albei ampelike tale laat publiseer, waarin die sienswyse van die Minister vermeld word en waarin vermeld word dat besware daarteen by die provinsiale sekretaris ingedien kan word op of voor 'n bepaalde datum, wat minstens een-en-twintig dae na die datum van die laaste publikasie van die kennisgewing moet wees, en laat hy ook, waar moontlik, 'n afskrif van die kennisgewing bestel aan elke eienaar van die betrokke grond en elke houer van 'n verband wat die betrokke grond beswaar en ook sodanige ander eienaars van grond wat na sy oordeel regstreeks deur die voorstel in die Minister se sienswyse vervat, geraak sal word, sodanige bestelling te geskied per aangetekende pos geadresseer aan sodanige eienaar of verbandhouer by sy laaste bekende adres.

(3) Indien sodanige plaaslike owerheid of so 'n eienaar of verbandhouer nie sy opmerkings en aanbeveling of beswaar binne die in die kennisgewing vasgestelde tydperk by die provinsiale sekretaris indien nie, word hy geag tot die voorstel in die Minister se sienswyse vervat en soos in die kennisgewing vermeld, in te gestem het.

(4) By ontvangs van die opmerkings en aanbeveling of besware, indien daar is, van die plaaslike owerheid, eienaars en verbandhouers in subartikel (2) (b) (i) en (ii) bedoel of na verstryking van die in die kennisgewing vasgestelde tydperk, watter gebeurlikheid ook al eerste plaasvind, verwys die Administrateur die Minister se sienswyse tesame met die opmerkings en aanbeveling en besware wat ontvang is en alle ter sake dienende inligting en dokumente waарoor hy beskik na die dorperaad vir ondersoek en sy aanbeveling, en die bepalings van enige wet betreffende die bevoegdhede en prosedure van bedoelde raad by die instel van 'n ondersoek in verband met die stigting van 'n dorp, wat dan van krag is, is *mutatis mutandis* met betrekking tot 'n ondersoek kragtens hierdie sub-artikel van toepassing.

(5) The townships board shall within twenty-one days of the receipt of the Minister's views and the information and documents referred to in subsection (4) or within such further period as the Administrator may on request allow, furnish the Administrator with its findings and recommendation thereanent.

(6) On receipt of the findings and recommendation of the townships board, the Administrator shall refer the same together with all relevant documents, comments and recommendations and objections received, together with his own views and recommendation, to the Minister.

(7) If after consideration of the documents, information, comments, findings, objections and recommendations referred to him in terms of subsection (2) (a) or subsection (6), the Minister deems it desirable in the public interest to do so, he may address a written request to the Administrator for the alteration, suspension or removal, as the case may be, of the restriction or obligation concerned in respect of the said land, and thereupon the Administrator shall, by proclamation in the *Official Gazette* of the province, alter, suspend or remove such restriction or obligation in respect of the said land to the extent and subject to the conditions determined by the Minister and specified in the proclamation.

Endorsements
in connection
with alterations,
suspensions or
removals of
restrictions or
obligations.

6. (1) The registrar of deeds and surveyor-general concerned shall as soon as possible after the publication of a proclamation in terms of section 2 (1) or 5 make, free of charge, such appropriate entries in and endorsements on any relevant register, title deeds, diagram or plan in his office or submitted to him, as may be necessary to reflect the effect of the proclamation.

(2) The provincial secretary concerned shall in writing request the holder of any such title deed to deliver the title deed to him within a period of thirty days or, within such longer period as the provincial secretary may on request allow, for submission to the registrar of deeds for the purposes of subsection (1), and shall forward a copy of such written request to the registrar of deeds.

(3) After receipt of the copy of the said written request the registrar of deeds shall not register any further transactions relating to the land until the entries and endorsements in question have been effected, and shall impound the title deed for the purpose of such entries and endorsements whenever it may for any reason be lodged in his office.

(4) If such holder fails to comply with such written request he shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand.

Tabling of
proclamations.

7. Every proclamation issued under section 2 (1) with the approval of the Minister under section 4 (4) whereby a restriction or obligation relating to the purpose for which land may be used, is altered, suspended or removed, and every proclamation issued under section 5 (7), at the request of the Minister, shall, within fourteen days after the promulgation thereof, be laid upon the Table of the Senate and of the House of Assembly, if Parliament is then in ordinary session, and if Parliament is not then in session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

Validation
of certain
proclamations
issued under
section 1
of Act 48 of 1946.

8. Every proclamation issued by an Administrator under section 1 of the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946, prior to the commencement of this Act which is for any reason invalid, but which would have been valid if it had been issued after the commencement of and under this Act, is hereby validated.

Act does not
affect validity
of existing
ordinances or
the existing
legislative
power of
provincial
councils.

9. Subject to section 5, the provisions of this Act do not affect the validity of any existing ordinance of a provincial council or the existing legislative power of provincial councils.

Repeal of
laws and
reservations.

10. (1) Subject to subsection (2) the laws specified in the Schedule to this Act are hereby repealed to the extent set out in the third column.

(5) Die dorperaad moet binne een-en-twintig dae vanaf die ontvangs van die Minister se sienswyse en die inligting en dokumente in subartikel (4) bedoel of binne die verdere tydperk wat die Administrateur op versoek toelaat, die Administrateur van sy bevindings en aanbeveling daaromtrent voorsien.

(6) By ontvangs van die dorperaad se bevindings en aanbeveling verwys die Administrateur dit, tesame met alle ter sake dienende dokumente en opmerkings en aanbevelings en besware wat ontvang is, tesame met sy eie sienswyse en aanbeveling, na die Minister.

(7) Indien die Minister na oorweging van die dokumente, inligting, opmerkings, bevindings, besware en aanbevelings wat ingevolge subartikel 2 (a) of subartikel (6) na hom verwys is, dit in die openbare belang wenslik ag om dit te doen, kan hy 'n skriftelike versoek om die wysiging, opskorting of opheffing, na gelang van die geval, van die betrokke beperking of verpligting met betrekking tot daardie grond tot die Administrateur rig, en daarop moet die Administrateur bedoelde beperking of verpligting by proklamasie in die *Offisiële Koerant* van die provinsie met betrekking tot daardie grond wysig, opskort of ophef in die mate en op die voorwaardes deur die Minister bepaal en in die proklamasie vermeld.

6. (1) Die betrokke registrator van aktes en landmeter-generaal moet so gou doenlik na die afkondiging van 'n prokla-masie kragtens artikel 2 (1) of 5, kosteloos die gepaste inskry-wings maak in en die nodige endossemente aanbring op enige ter sake dienende register, titelbewys, kaart of plan wat in sy kantoor is of aan hom voorgelê word, wat nodig is om die uit-werking van die proklamasie weer te gee.

(2) Die betrokke provinsiale sekretaris moet die besitter van so 'n titelbewys skriftelik versoek om die titelbewys binne 'n tydperk van dertig dae of binne so 'n langer tydperk as wat die provinsiale sekretaris op versoek toelaat, aan hom te lewer vir voorlegging aan die registrator van aktes vir die doeleindes van subartikel (1), en moet 'n afskrif van daardie skriftelike versoek aan die registrator van aktes stuur.

(3) Na ontvangs van die afskrif van bedoelde skriftelike versoek, registreer die registrator van aktes geen verdere transaksies met betrekking tot die grond alvorens die onderhawige inskrywings gemaak en die endossemente aangebring is nie, en moet hy op die titelbewys, wanneer dit om die een of ander rede by sy kantoor ingelewer word, vir die doeleindes van die inskrywings en endossemente beslag lê.

(4) Indien bedoelde besitter versium om aan bedoelde skrifte like versoek te voldoen, is hy aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd rand.

7. Iedere proklamasie kragtens artikel 2 (1) met die goed-keuring kragtens artikel 4 (4) van die Minister uitgevaardig waardeur 'n beperking of verpligting met betrekking tot die doel waarvoor grond gebruik mag word, gewysig, opgeskort of opgehef word, en elke proklamasie kragtens artikel 5 (7) op versoek van die Minister uitgereik, word in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê binne veertien dae na die afkondiging daarvan, as die Parlement dan in gewone sessie is, of, as die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

8. Iedere proklamasie wat deur 'n Administrateur kragtens artikel 1 van die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946, voor die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgevaardig is en wat om die een of ander rede ongeldig is, maar geldig sou gewees het as dit na die inwerkingtreding van en kragtens hierdie Wet uitgevaardig was, word hierby geldig verklaar.

9. Onderworpe aan artikel 5, raak die bepalings van hierdie Wet nie die geldigheid van enige bestaande ordonnansie van 'n provinsiale raad of die bestaande wetgewende bevoegdheid van provinsiale rade nie.

10. (1) Onderworpe aan subartikel (2), word die wette wat in die Bylae hierby vermeld word, hierby herroep in die mate uit-eengesit in die derde kolom.

Geldigver-
klaring van
sekere pro-
klamasies
uitgevaardig
kragtens artikel
1 van Wet 48
van 1946.

Wet raak
nie geldigheid
van bestaande
ordonnansies of
die bestaande
wetgewende
bevoegdheid
van provinsiale
rade nie.

Herroeping van
wette en
voorbehoud.

(2) An application under the provisions of the Removal of Restrictions in Townships Act, 1946 (Act No. 48 of 1946), received by an Administrator prior to the commencement of this Act, shall be dealt with under the aforementioned Act, which shall, for the purposes of such an application, be deemed not to have been repealed.

Short title.

11. This Act shall be called the Removal of Restrictions Act, 1967.

Schedule.

LAWS REPEALED.

No. and Year of Law.	Title of Law.	Extent of Repeal.
Act No. 48 of 1946.	Removal of Restrictions in Townships Act, 1946.	The whole.
Act No. 6 of 1948.	Removal of Restrictions in Townships Amendment Act, 1948.	The whole.
Act No. 58 of 1951.	Removal of Restrictions in Townships Amendment Act, 1951.	The whole.
Act No. 32 of 1963.	Removal of Restrictions in Townships Amendment Act, 1963.	The whole.
Act No. 3 of 1965.	Provincial Affairs Act, 1965.	Section 4.

(2) 'n Aansoek kragtens die bepalings van die Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946 (Wet No. 48 van 1946), wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n Administrateur ontvang is, word afgehandel kragtens eersgenoemde Wet, wat vir die doeleindes van so 'n aansoek geag word nie herroep te wees nie.

11. Hierdie Wet heet die Wet op Opheffing van Beperkings, Kort titel, 1967.

Bylae.

WETTE HERROEP.

No. en Jaar van Wet.	Titel van Wet.	In hoeverre herroep.
Wet No. 48 van 1946.	Wet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1946.	Die geheel.
Wet No. 6 van 1948.	Wysigingswet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1948.	Die geheel.
Wet No. 58 van 1951.	Wysigingswet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1951.	Die geheel.
Wet No. 32 van 1963.	Wysigingswet op Opheffing van Beperkings in Dorpe, 1963.	Die geheel.
Wet No. 3 van 1965.	Wet op Proviniale Aangeleenthede, 1965.	Artikel 4.

No. 85, 1967.]

ACT

To amend the provisions of the Defence Act, 1957, relating to liability for service, service (including training), duties of employers, the composition and organization of the Reserve, the Permanent Force, the Citizen Force, the commandos and the Cadet Corps, sales and loans of rifles and ammunition, liability to report and to maintain uniform and equipment, registration, allotment to the Citizen Force or commandos, the manpower board, control and use of transport systems, emergency regulations, improper disclosure of information, defined areas, intoxicating liquor, wrongful disposal of property, offences and penalties, death or disablement caused by military service, and the application of the Act; to provide specially for training or service during 1967 and for references to the Secretary for Defence in any law or document; and to amend the Civil Defence Act, 1966

(*English text signed by the Acting State President.*)
(Assented to 19th June, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 44 of 1957, as amended by section 1 of Act 12 of 1961, section 1 of Act 42 of 1961, section 1 of Act 77 of 1963 and section 20 of Act 39 of 1966.

Amendment of section 2 of Act 44 of 1957, as amended by section 20 of Act 39 of 1966.

1. Section 1 of the Defence Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

- (a) by the deletion in subsection (1) of the definition of “deferment”;
- (b) by the addition of the following subsection:

“(3) Any reference in this Act to any liability to render service in the South African Defence Force or the Reserve shall be construed as including a reference to a liability to undergo training therein.”.

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

“(a) in so far as it relates to liability for service, to any citizen who is a member of the Senate or the House of Assembly or of a Provincial Council or of the Legislative Assembly of South-West Africa; or”;
- (b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) The Minister or any person duly authorized thereto by him, may exempt from service under this Act any citizen who is also a citizen of any other country or is domiciled outside the Republic, and who is a member of a military force of such other country or of the country in which he is domiciled, as the case may be, or is a member of a reserve of any such force, so long as he is by the laws of the country concerned obliged to serve or undergo training in such force or reserve.”;
- (c) by the addition of the following subsections:

“(3) Subject to the provisions of subsection (4) the State President may by proclamation in the *Gazette* declare that any provision of this Act specified in the proclamation, other than a provision applicable in time of war only, shall to the extent so specified apply to persons who are white persons as defined in the

No. 85, 1967.]

WET

Tot wysiging van die bepalings van die Verdedigingswet, 1957 met betrekking tot diensplig, diens (met inbegrip van opleiding), pligte van werkgewers, die samestelling en organisasie van die Reserwe, die Staande Mag, die Burgermag, die kommando's en die Kadetkorps, die verkoop enleen van gewere en ammunisie, verpligting om aan te meld en om uniform en uitrusting in stand te hou, registrasie, toewysing aan die Burgermag of kommando's, die mannekragraad, beheer oor en gebruik van vervoerstelsels, noodregulasies, onbehoorlike openbaarmaking van inligting, omskrewe gebiede, bedwelmende drank, onregmatige beskikking oor eiendom, misdrywe en strawwe, dood of ongeskiktheid deur militêre diens veroorsaak, en die toepassing van die Wet; om voorsiening te maak vir opleiding of diens gedurende 1967 in die besonder en vir verwysings na die Sekretaris van Verdediging in 'n wet of dokument; en om die Wet op Burgerlike Beskerming, 1966, te wysig.

(Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

- 1. Artikel 1 van die Verdedigingswet, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—**

(a) deur in subartikel (1) die omskrywing van „uitstel” te skrap;

(b) deur die volgende subartikel by te voeg:
„(3) 'n Verwysing in hierdie Wet na 'n verpligting om diens in die Suid-Afrikaanse Weermag of die Reserwe te doen, word uitgelê ook as 'n verwysing na 'n verpligting om opleiding daarin te ondergaan.”.

Wysiging van artikel 1 van Wet 44 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 12 van 1961, artikel 1 van Wet 42 van 1961, artikel 1 van Wet 77 van 1963 en artikel 20 van Wet 39 van 1966.
- 2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—**

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
„(a) vir sover dit op diensplig betrekking het, op 'n burger wat lid is van die Senaat of die Volksraad of van 'n Provinciale Raad of van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika; of”;

Wysiging van artikel 2 van Wet 44 van 1957, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 39 van 1966.

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
„(2) Die Minister of 'n deur hom behoorlik daartoe gemagtigde persoon kan enige burger wat ook 'n burger van 'n ander land is of buite die Republiek gedomisilieer is, en wat 'n lid is van 'n militêre mag van daardie ander land of van die land waarin hy gedomisilieer is, na gelang van die geval, of 'n lid is van 'n reserwe van so 'n mag, van diens kragtens hierdie Wet vrystel solank as wat hy kragtens die wette van die betrokke land verplig is om in daardie mag of reserwe te dien of opleiding te ondergaan.”;

(c) deur die volgende subartikels by te voeg:
„(3) Behoudens die bepalings van subartikel (4) kan die Staatspresident by proklamasie in die Staatskoerant verklaar dat 'n bepaling van hierdie Wet in die proklamasie vermeld, behalwe 'n bepaling wat slegs in oorlogstyd van toepassing is, in die mate aldus vermeld van toepassing is op persone wat blankes is, soos in die

Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950), and are not citizens but have been domiciled in the Republic for not less than five years, as if they were citizens.

- (4) Any proclamation issued under subsection (3)—
(a) shall provide for exemption from liability to render service under this Act of persons who have at such time and in such manner as may be specified in the proclamation, declared that they do not intend becoming citizens;
- (a) een maal in elke jaar, binne ses maande na die einde van sy boekjaar, 'n verslag aangaande sy werk gedurende sy onmiddellik voorafgaande boekjaar aan die Minister voorlê; en
- (b) enige notules van vergaderings van die kommissie of enige stuk of inligting in verband met die uitoefening deur die kommissie van sy bevoegdhede of die verrigting van sy werksaamhede op versoek van die Minister aan hom verstrek.

(2) Elke verslag ingevolge subartikel (1) (a) voorgelê, word deur die Minister in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê binne veertien dae na ontvangs daarvan indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

50. (1) Die kommissie moet 'n register van alle geregistreerde abattoirs in die voorgeskrewe vorm aanlê en hou. Aanlê en hou van register van abattoirs.

(2) Die kommissie kan die inligting wat in die register vervat is, beskikbaar stel teen betaling van die voorgeskrewe bedrag.

(3) Sodanige register dien as *prima facie*-bewys van alle aangeleenthede wat kragtens hierdie Wet daarin ingeskryf word.

(4) 'n Sertifikaat onderteken deur 'n persoon wat daarin beweer dat hy 'n werknemer van die kommissie is, ten effekte dat 'n aantekening wel of nie in die register gemaak is nie, is *prima facie*-bewys van die aangeleenthede in daardie sertifikaat vermeld.

51. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—

Regulasies.

- (a) met betrekking tot die hou van en die prosedure op vergaderings van die kommissie en van 'n in artikel 11 bedoelde komitee (met inbegrip van die kworum in die geval van sodanige komitee) en die wyse waarop vergaderings van sodanige komitee belê moet word;
- (b) met betrekking tot die vorm waarin en die wyse waarop 'n aansoek ingevolge hierdie Wet aan die kommissie voorgelê moet word;
- (c) met betrekking tot die wyse waarop en tydperk waarin 'n kragtens artikel 33 opgelegde heffing aan die kommissie betaal moet word en die betaling van rente op die bedrag van 'n onbetaalde heffing;
- (d) waarin die opgawes wat deur die eienaar van 'n abattoir of 'n persoon wat 'n diens verrig, verstrek moet word, voorgeskryf word;
- (e) met betrekking tot die besonderhede wat in die register ingeskryf moet word;
- (f) met betrekking tot enige aangeleenthed wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;
- (g) waardeur die wyse van bestelling van 'n lasgewing, kennisgewing, bevel of ander dokument wat kragtens hierdie Wet uitgereik word en wat deur hierdie Wet vereis word bestel te word, voorgeskryf word;
- (h) wat, in die algemeen, alle aangeleenthede voorskryf wat hy nodig of raadsaam ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik, en die algemeenheid van hierdie bepaling word nie beperk deur die bepalings van die voorafgaande paragrawe nie.

(2) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (1) uitgevaardig word met betrekking tot verskillende klasse abattoirs en verskillende soorte aansoekte kragtens hierdie Wet vereis.

(3) Regulasies wat kragtens hierdie artikel uitgevaardig word, kan vir 'n oortreding daarvan of versuum om daaraan te voldoen, strawwe voorskryf wat nie 'n boete van tweehonderd rand of gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande te bowe gaan nie.

52. Geen lid van die kommissie, 'n persoon in artikel 4 (c) vermeld, 'n inspekteur of 'n persoon wat toegelaat is om teenwoordig te wees op 'n vergadering van die kommissie of 'n

at any enquiry held under section 41 or 42 or at any interrogation of any person by an inspector, shall disclose to any person, except for the purpose of the performance of his duties or functions under this Act or when required by a court to do so or under any law, any information acquired in the performance of his duties or functions under this Act or while attending any such meeting, enquiry or interrogation, as the case may be.

Offences and penalties.

53. Any person who—

- (a) without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) fails to furnish the information or render the aid or assistance required from him under section 4 (k);
- (b) contravenes the provisions of section 13 or 32 (4) or fails to comply with an order issued under section 25 (2) or 34;
- (c) contravenes the provisions of section 20;
- (d) fails to comply with the provisions of section 24 (2);
- (e) contravenes the provisions of section 28;
- (f) fails to pay a levy imposed under section 33 in the prescribed manner or within the prescribed period;
- (g) (i) having been summoned to give evidence at an enquiry under section 41 or 42, without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) fails to attend at the time and place specified in the summons, or fails to remain in attendance until the conclusion of the enquiry or until excused by the person presiding at the enquiry from further attendance, or fails to produce any book, document or thing in his possession or custody or under his control, which he has been summoned to produce; or
(ii) having been called under section 41 or 42, without sufficient cause (the onus of proof whereof shall rest upon him) refuses to be sworn or to make affirmation as a witness after he has been directed to do so, or refuses to testify or refuses or fails to answer fully and satisfactorily to the best of his knowledge and belief any question lawfully put to him;
- (h) (i) hinders or obstructs an inspector in the exercise of his powers or the performance of his duties under section 44; or
(ii) without valid excuse refuses or fails to answer to the best of his ability any question which an inspector in the exercise of his powers or the performance of his duties under the said section has put to him; or
(iii) refuses or fails to comply to the best of his ability with any requirement made by an inspector in the exercise of his powers or the performance of his duties under the said section; or
(iv) wilfully furnishes to an inspector any information which is false or misleading;
- (i) in any application under this Act, knowingly furnishes information or makes a statement which is false or misleading;
- (j) fails to comply with an order amended or confirmed under section 45 (5) after such order has been so amended or confirmed,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months, or to both such fine and such imprisonment, and, in the case of an offence referred to in paragraph (b) or (f), an additional fine not exceeding twenty rand or four days' imprisonment for every day on which the offence continues.

Proof of certain facts.

54. (1) Whenever upon the trial of any person charged with a contravention of a provision of this Act the question arises whether a person bearing a particular name—

- (a) did or did not within a particular period furnish the commission with a particular return; or
- (b) did or did not pay to the commission within a particular period a particular levy, or a portion thereof, a document purporting to be an affidavit made by a person who, in that affidavit, alleges that he is an employee of the commission and that no person bearing the said name furnished the com-

komitee daarvan of by 'n ondersoek kragtens artikel 41 of 42 gehou of by 'n ondervraging van enige persoon deur 'n inspekteur, mag aan enigiemand inligting wat hy verkry het by die uitvoering van sy pligte of werkzaamhede ingevolge hierdie Wet of terwyl hy by of op sodanige vergadering, ondersoek of ondervraging, na gelang van die geval, teenwoordig was, bekend maak nie, behalwe met die doel om sy pligte of werkzaamhede kragtens hierdie Wet uit te voer of wanneer dit deur 'n hof of kragtens 'n wetsbepaling van hom vereis word.

53. Iemand wat—

Misdrywe en strawwe.

- (a) sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om die inligting te verstrek of die hulp of bystand te verleen wat kragtens artikel 4 (k) van hom geveng word;
- (b) die bepalings van artikel 13 of 32 (4) oortree of versuim om aan 'n lasgewing uitgereik kragtens artikel 25 (2) of 34 te voldoen;
- (c) die bepalings van artikel 20 oortree;
- (d) versuim om aan die bepalings van artikel 24 (2) te voldoen;
- (e) die bepalings van artikel 28 oortree;
- (f) versuim om 'n kragtens artikel 33 opgelegde heffing op die voorgeskrewe wyse of binne die voorgeskrewe tydperk te betaal;
- (g) (i) nadat hy gedagvaar is om by 'n ondersoek kragtens artikel 41 of 42 getuienis af te lê, sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) versuim om op die tyd en plek in die dagvaarding vermeld, te verskyn, of versuim om aanwesig te bly totdat die ondersoek voltooi is of totdat die persoon wat by die ondersoek voorsit hom verlof gegee het om weg te bly, of versuim om 'n boek, stuk of saak in sy besit of bewaring of onder sy beheer, tot voorlegging waarvan hy gedagvaar is, voor te lê; of
(ii) nadat hy kragtens artikel 41 of 42 opgeroep is, sonder voldoende rede (waarvan die bewyslas op hom rus) weier om as getuie die eed af te lê of 'n bevestiging te maak nadat hy gelas is om dit te doen, of weier om getuienis af te lê, of weier of versuim om na sy beste wete en oortuiging enige wettig aan hom gestelde vraag ten volle en op bevredigende wyse te beantwoord;
- (h) (i) 'n inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte kragtens artikel 44 hinder of belemmer; of
(ii) sonder geldige verskoning weier of versuim om 'n vraag wat 'n inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy pligte kragtens gemelde artikel aan hom gestel het, na sy beste vermoë te beantwoord; of
(iii) weier of versuim om na sy beste vermoë aan 'n vereiste deur 'n inspekteur by die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte kragtens gemelde artikel gestel, te voldoen; of
(iv) opsetlik aan 'n inspekteur inligting verstrek wat vals of misleidend is;
- (i) in 'n aansoek kragtens hierdie Wet wetens inligting verstrek of 'n verklaring doen wat vals of misleidend is;
- (j) versuim om aan 'n bevel wat kragtens artikel 45 (5) gewysig of bekragtig is, te voldoen nadat sodanige bevel aldus gewysig of bekragtig is,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf, en, in die geval van 'n in paragraaf (b) of (f) bedoelde misdryf, 'n addisionele boete van hoogstens twintig rand of vier dae gevangenisstraf vir elke dag wat die oortreding voortduur.

54. (1) Wanneer, by die verhoor van iemand op aanklag Bewys van weens 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie Wet, die vraag sekere feite. ontstaan of iemand met 'n bepaalde naam—

- (a) 'n bepaalde opgawe binne 'n bepaalde tydperk aan die kommissie verstrek het al dan nie; of
- (b) 'n bepaalde heffing of 'n gedeelte daarvan binne 'n bepaalde tydperk aan die kommissie betaal het al dan nie,

is 'n geskrif wat 'n beëdigde verklaring heet te wees van 'n persoon wat in daardie beëdigde verklaring beweer dat hy 'n werknemer van die kommissie is en dat niemand met daardie naam sodanige opgawe binne sodanige tydperk aan die kom-

mission within such period with such return or paid to the commission within such period such levy or such portion thereof, as the case may be, shall on its mere production at that trial by any person be *prima facie* evidence of the facts alleged therein.

(2) Whenever upon the trial of a person charged with a contravention of a provision of this Act, it is proved that a false statement was made or that false information was furnished by such person, he shall, unless the contrary is proved, be deemed to have made that statement or to have furnished that information knowing it to be false.

Act or omission of manager, agent or employee.

55. (1) Whenever any manager, agent or employee of any person (hereinafter called the employer) does or omits to do any act which it would be an offence under this Act for the employer to do or to omit to do, then unless it is proved that—

- (a) in doing or omitting to do that act the manager, agent or employee was acting without the connivance or the permission of the employer; and
- (b) all reasonable steps were taken by the employer to prevent any act or omission of the kind in question; and
- (c) it was not under any condition or in any circumstance within the scope of the authority or in the course of the employment of the manager, agent or employee to do or to omit to do acts, whether lawful or unlawful,

of the character of the act or omission charged, the employer himself shall be presumed to have done or omitted to do that act and shall be liable to be convicted and sentenced in respect therof; and the fact that he issued instructions forbidding any act or omission of the kind in question shall not, in itself, be accepted as sufficient proof that he took all reasonable steps to prevent the act or omission.

(2) Whenever any manager, agent or employee of any such employer does or omits to do an act which it would be an offence under this Act for the employer to do or omit to do, he shall be liable to be convicted and sentenced in respect thereof as if he were the employer.

(3) Any such manager, agent or employee may be so convicted and sentenced in addition to the employer.

Additional fines.

56. Whenever a person is convicted of an offence referred to in section 53 (f), the court convicting him shall, in addition to any punishment imposed in respect of that offence, forthwith give judgment against that person and in favour of the commission for the amount the court finds is due to the commission by that person, and such judgment may be executed in the same manner as if it had been pronounced in the course of civil proceedings.

Jurisdiction of magistrate's court.

57. Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, a magistrate's court shall have jurisdiction to impose any penalty prescribed by this Act or to make any order provided for by this Act.

Delegation of Minister's powers.

58. (1) The Minister may in writing delegate to any senior officer in any department of State all or any of the powers conferred upon him by this Act other than the powers referred to in section 51.

(2) The Minister may at any time revoke in writing any delegation under subsection (1), and no delegation of any power shall prevent the exercise of such power by the Minister himself.

Limitation of liability of State, Minister, commission, etc.

59. The State, the Minister, the commission or its employees, an inspector or a person authorized under section 42 shall not be liable in respect of anything done in good faith under the provisions of the Act.

Service of order, notice, direction or other document.

60. Unless another method is prescribed, any order, notice, direction or other document issued under this Act shall be served—

- (a) by delivering a copy thereof to the person upon whom it is to be served;
- (b) by leaving such copy at the usual or last known place of residence or business of such person; or
- (c) by sending such copy by post to the usual or last known place of residence or business of such person.

Exemptions.

61. The provisions of this Act shall not apply in respect of any animal which is slaughtered by any person on land occupied by him with the intention of using the meat derived from such animal solely—

missie verstrek het nie of sodanige heffing of gedeelte daarvan binne sodanige tydperk aan die kommissie betaal het nie, na gelang van die geval, by blote voorlegging daarvan by sodanige verhoor deur enige persoon, *prima facie*-bewys van die daarin vermelde feite.

(2) Wanneer by die verhoor van iemand op aanklag weens 'n oortreding van 'n bepaling van hierdie Wet, bewys word dat 'n valse verklaring gedoen is of dat valse inligting verstrek is deur so iemand, word daar geag, tensy die teendeel bewys word, dat hy daardie verklaring gedoen het of daardie inligting verstrek het met die wete dat dit vals is.

55. (1) Wanneer 'n bestuurder, agent of werknemer van enige persoon (hieronder die werkewer genoem) enige daad of versuim begaan wat 'n misdryf kragtens hierdie Wet sou wees as die werkewer dit begaan het, dan, tensy bewys word dat—

- (a) die werkewer daardie daad of versuim van die bestuurder, agent of werknemer nie oogluikend toegelaat of veroorloof het nie; en
- (b) die werkewer alle redelike stappe doen het om so 'n daad of versuim te voorkom; en
- (c) 'n daad of versuim, hetsy wettig of onwettig, van die ten laste gelegde aard onder geen voorwaarde of omstandigheid binne die bestek van die bevoegdheid of in die loop van die diens van die bestuurder, agent of werknemer geval het nie,

word daar veronderstel dat die werkewer self die daad of versuim begaan het, en kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonnis word; en die feit dat hy 'n daad of versuim van die betrokke aard verbied het, word nie op sigself aanvaar as voldoende bewys dat hy alle redelike stappe gedoen het om die daad of versuim te voorkom nie.

(2) Wanneer 'n bestuurder, agent of werknemer van enige sodanige werkewer 'n daad of versuim begaan wat 'n misdryf kragtens hierdie Wet sou wees as die werkewer dit begaan, kan hy ten opsigte daarvan skuldig bevind en gevonnis word asof hy die werkewer is.

(3) Enige sodanige bestuurder, agent of werknemer kan benewens die werkewer aldus skuldig bevind en gevonnis word.

56. Wanneer iemand aan 'n in artikel 53 (f) bedoelde misdryf skuldig bevind word, moet die hof wat hom skuldig bevind, benewens enige straf ten opsigte van daardie misdryf opgelê, onverwyld vonnis uitspreek teen daardie persoon en ten gunste van die kommissie, vir die bedrag wat, na die hof bevind, deur daardie persoon aan die kommissie verskuldig is, en so 'n vonnis kan ten uitvoer gelê word op dieselfde wyse asof dit in die loop van 'n siviele geding uitgespreek was.

57. Ondanks andersluidende wetsbepalings, besit 'n landdroshofregsbevoegdhede om enige straf op te lê wat hierdie Wet van 'n landdroshof. voorskryf of om enige bevel uit te vaardig waarvoor hierdie Wet voorsiening maak.

58. (1) Die Minister kan al die bevoegdhede wat hierdie Wet aan hom verleen, of een of meer daarvan, met uitsondering van die in artikel 51 bedoelde bevoegdhede, skriftelik aan enige senior beampte in 'n Staatsdepartement deleger.

(2) Die Minister kan te eniger tyd enige delegering kragtens subartikel (1) skriftelik intrek, en geen delegering van 'n bevoegdheid belet die uitoefening van sodanige bevoegdheid deur die Minister self nie.

59. Die Staat, die Minister, die kommissie of sy werknemers, 'n inspekteur of 'n kragtens artikel 42 gemagtigde persoon is nie aanspreeklik ten opsigte van enigets wat te goeder trou kragtens die bepalings van hierdie Wet gedoen is nie.

60. Tensy 'n ander metode voorgeskryf word, word 'n lasgewing, kennisgewing of bevel of ander dokument kragtens hierdie Wet uitgereik, bestel—

- (a) deur 'n afskrif daarvan te oorhandig aan die persoon aan wie dit bestel moet word;
- (b) deur sodanige afskrif by die gewone of laasbekende woonplek of besigheidsplek van sodanige persoon te laat; of
- (c) deur sodanige afskrif deur die pos na die gewone of laasbekende woonplek of besigheidsplek van sodanige persoon te stuur.

61. Die bepalings van hierdie Wet is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n dier wat deur 'n persoon geslag word op grond wat deur hom geokkupeer word, met die doel om die vleis wat van sodanige dier verkry word uitsluitlik te gebruik—

- (a) for his own consumption or the consumption of his household or non-paying guests; or
- (b) for the consumption of his employees who are engaged in *bona fide* farming activities, including their households and non-paying guests, provided the number of animals slaughtered by such person during a prescribed period does not exceed a prescribed number.

Short title and commencement.

62. This Act shall be called the Abattoir Commission Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

- (a) vir verbruik deur homself, sy huishouding of sy nie-betalende gaste; of
- (b) vir verbruik deur sy werknemers wat in *bona fide*-boerderybedrywighede betrokke is, met inbegrip van hul huishoudings en hul nie-betalende gaste, mits die getal diere wat deur sodanige persoon gedurende 'n voor- geskrewe tydperk geslag word, nie 'n voorgeskrewe getal oorskry nie.

62. Hierdie Wet heet die Wet op die Abattoirkommissie, Kort titel en 1967, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by inwerkingtreding proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

No. 87, 1967.]

ACT

To provide for the maintenance of proper standards of hygiene in the slaughtering of animals and the handling of meat and animal products; for the prevention of the transmission of diseases to humans and animals by diseased or infected animals, meat or animal products; for the prevention of cruelty in the slaughtering of animals at abattoirs; to control the importation of certain meat; and to provide for incidental matters.

(*English text signed by the Acting State President.*)
(Assented to 19th June, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

- (i) “abattoir” means any place where animals are slaughtered or are intended to be slaughtered, and includes all facilities which normally appertain or are attached to such a place, whether or not such facilities are located at the same place as such place; (ii)
- (ii) “animal” means any bovine or equine animal, sheep, goat, pig, poultry, ostrich, of any age, and any other animal which the Minister by notice in the *Gazette* declares to be an animal for the purposes of this Act; (vi)
- (iii) “animal product” includes all portions of an animal other than the meat thereof; (vii)
- (iv) “appliance” means any machinery, implement, apparatus, tool, instrument, utensil, block, wrapper, vat, can, box, package, basket, vessel, container, receptacle or other thing, whether or not of the same kind as the aforementioned things, used or apparently used at or for any purpose of or in connection with an abattoir; (xxv)
- (v) “authorized person” means any person authorized under section 19 (1) (b) or section 21 (1) (b) to exercise the powers, perform the functions and carry out the duties referred to in section 19 (1) (b) or section 21 (1) (b), as the case may be; (x)
- (vi) “certificate of approval” means a certificate of approval issued in terms of section 4; (xxi)
- (vii) “Chief Meat Hygiene Officer” means the Chief Meat Hygiene Officer referred to in section 2; (xi)
- (viii) “conveyance” means any vehicle, vessel or aircraft; (xxix)
- (ix) “department” means the Department of Agricultural Technical Services; (v)
- (x) “designated officer” means any officer designated under section 21 (1) (c) to exercise the powers, perform the functions and carry out the duties referred to in that section; (i)
- (xi) “diseased” means infected or affected by disease and in relation to an animal or meat includes affected with any defect, inferiority or abnormal condition which renders meat of the animal in question or the meat in question unfit for human consumption; (xxii)

No. 87, 1967.]

WET

Om voorsiening te maak vir die handhawing van behoorlike standaarde van higiëne by die slag van diere en die hantering van vleis en dierlike produkte; vir die voorkoming van die oordra van siektes na mense en diere deur siektebesmette of besmette diere, vleis of dierlike produkte; vir die voorkoming van mishandeling by die slag van diere by abattoirs; om die invoer van sekere vleis te beheer; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 19 Junie 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, Woordomskrywing.

- (i) „aangewese beamppte” ’n beamppte wat kragtens artikel 21 (1) (c) aangewys is om die bevoegdhede uit te oefen, die werksaamhede te verrig en die pligte uit te voer wat in daardie artikel vermeld word; (x)
- (ii) „abattoir” ’n plek waar diere geslag word of wat vir die slag van diere bestem is, met inbegrip van alle fasilitete wat normaalweg by so ’n plek tuishoort of daaraan verbonde is, ongeag of sodanige fasilitete op dieselfde plek as sodanige plek geleë is, al dan nie; (i)
- (iii) „beamppte” ’n beamppte van die departement; (xx)
- (iv) „besmet” ly aan, of in die inkubasiestadium van, of besoedel met die besmetting van, ’n besmetlike of aansteeklike siekte; (xiv)
- (v) „departement” die Departement van Landbou-tegniese Dienste; (ix)
- (vi) „dier” enige bees, lid van die perdefamilie, skaap, bok, vark, pluimvee, volstruis, van enige ouderdom, en enige ander dier wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot ’n dier vir die doeleindest van hierdie Wet verklaar; (ii)
- (vii) „dierlike produk” alle gedeeltes van ’n dier behalwe die vleis daarvan; (iii)
- (viii) „eetbare afval”, met betrekking tot ’n geslagte dier, die harsings, tong, timus, pankreas, lever, milt, niere, hart, longe, stert, slukderm, gewaste kop, geskraapte en skoongemaakte pens, bloed (indien opgevang soos voorgeskryf), derms, pootjies, kloutjies, voete en, in die geval van ’n vers, die uier; (xiii)
- (ix) „eiennaar”, met betrekking tot ’n abattoir, die persoon by wie die eiendomsreg op sodanige abattoir berus of, in die geval van ’n abattoir ten opsigte waarvan die reg van algemene beheer berus by ’n ander persoon as die persoon by wie sodanige eiendomsreg berus, daardie ander persoon; (xxii)
- (x) „gemagtigde persoon” ’n persoon wat kragtens artikel 19 (1) (b) of artikel 21 (1) (b) gemagtig is om die bevoegdhede uit te oefen, die werksaamhede te verrig en die pligte uit te voer wat in artikel 19 (1) (b) of artikel 21 (1) (b), na gelang van die geval, vermeld word; (v)
- (xi) „Hoof-vleishigiënebeamppte” die in artikel 2 bedoelde Hoof-vleishigiënebeamppte; (vii)
- (xii) „hierdie Wet” ook die regulasies; (xxix)

- (xii) "dress" means to remove the hide, skin, hair, feathers, entrails, pluck, head, legs, trotters, cowheels, hoofs, feet, tail and diaphragm, as the case may be in respect of the relevant species of animal; (xxiii)
- (xiii) "edible offal", in relation to a slaughtered animal, means the brain, tongue, thymus, pancreas, liver, spleen, kidneys, heart, lungs, tail, oesophagus, washed head, scraped and cleaned stomach, blood (if collected as prescribed), intestines, trotters, cowheels, feet and, in the case of a heifer, the udder; (viii)
- (xiv) "infected" means suffering from, or in the incubation stage of, or contaminated with the infection of, any infectious or contagious disease; (iv)
- (xv) "inspector" means any person appointed under section 19 (1) (a) or section 21 (1) (a) to exercise the powers, perform the functions and carry out the duties referred to in section 19 (1) (a) or section 21 (1) (a), as the case may be; (xiii)
- (xvi) "local authority" means any institution or body contemplated in section 84 (1) (f) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act No. 32 of 1961); (xviii)
- (xvii) "mark", in relation to any animal, meat or animal product, when used as a verb, means the placing thereon of any mark, representation, designation or description and, when used as a noun, means any mark, representation, designation or description appearing upon or used in connection with any animal, meat or animal product; (xiv)
- (xviii) "meat" means any part of the body of an animal which is ordinarily used for human consumption and includes any edible offal; (xxx)
- (xix) "Minister" means the Minister of Agricultural Technical Services; (xv)
- (xx) "officer" means an officer of the department; (iii)
- (xxi) "operator", in relation to an abattoir, means a person other than the owner of such abattoir, who carries on business for his own account and who, for the purposes of such business, uses such abattoir for the slaughter of animals; (xvii)
- (xxii) "owner", in relation to an abattoir, means the person in whom the ownership of such abattoir is vested or, in the case of any abattoir in respect of which the right of general control is vested in a person other than the person in whom such ownership is vested, that other person; (ix)
- (xxiii) "poultry" means any fowl, duck, goose, turkey, guineafowl, partridge, pheasant, pigeon, and the young thereof, and any other bird which the Minister by notice in the *Gazette* declares to be poultry for the purposes of this Act; (xix)
- (xxiv) "prescribed" means prescribed by regulation; (xxxii)
- (xxv) "prohibited animal" means any animal which the Minister by notice in the *Gazette* declares to be a prohibited animal for the purposes of this Act; (xxvii)
- (xxvi) "regulation" means a regulation made and in force under this Act; (xx)
- (xxvii) "sell" includes to offer, advertise, keep, expose, transmit, convey, deliver or prepare for sale or to exchange or to dispose of for any consideration whatsoever, or to transmit, convey or deliver in pursuance of a sale, exchange or disposal as aforesaid; (xxviii)
- (xxviii) "slaughter" means killing with the intention of using the meat or animal products derived from the animal in question for human or animal consumption or for commercial purposes; (xxiv)
- (xxix) "this Act" includes the regulations; (xi)
- (xxx) "unfit for human consumption" means, without limit to the generality of the meaning of the expression, unsound, unsafe, unwholesome or unfit for human consumption by reason of disease, defect, inferiority, abnormal condition, putrefaction, decomposition, emaciation, contamination or exposure to contamination by dust, insects, vermin, animals or by any other means whatsoever; (xvi)

- (xiii) „inspekteur” 'n persoon wat kragtens artikel 19 (1) (a) of artikel 21 (1) (a) aangestel is om die bevoegdhede uit te oefen, die werksaamhede te verrig en die pligte uit te voer wat in artikel 19 (1) (a) of artikel 21 (1) (a), na gelang van die geval, vermeld word; (xv)
- (xiv) „merk”, met betrekking tot enige dier, vleis of dierlike produk, waar dit as 'n werkwoord gebesig word, die aanbring daarop van 'n merk, voorstelling, benaming of beskrywing en, waar dit as 'n selfstandige naamwoord gebesig word, 'n merk, voorstelling, benaming of beskrywing wat op enige dier, vleis of dierlike produk voorkom of in verband daarmee gebesig word; (xvii)
- (xv) „Minister” die Minister van Landbou-tegniese Dienste; (xix)
- (xvi) „ongeskik vir menslike verbruik”, sonder inkorting van die algemene betekenis van die uitdrukking, on-suiwer, onveilig, ongesond of ongeskik vir menslike verbruik weens siekte, tekortkoming, minderwaardigheid, abnormale toestand, verrotting, ontbinding, uittering, besoedeling of blootstelling aan besoedeling deur stof, insekte, ongediertes, diere of op enige ander wyse hoegenaamd; (xxx)
- (xvii) „operateur”, met betrekking tot 'n abattoir, 'n persoon, behalwe die eienaar van sodanige abattoir, wat 'n besigheid vir eie rekening dryf en wat, vir die doeleindes van sodanige besigheid, sodanige abattoir vir die slag van diere gebruik; (xxi)
- (xviii) „plaaslike bestuur” 'n instelling of liggaam in artikel 84 (1) (f) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), bedoel; (xvi)
- (xix) „pluimvee” enige hoender, eend, gans, kalkoen, tarentaal, patrys, fisant, duif, en die kuikens daarvan, en enige ander voël wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot pluimvee vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar; (xxiii)
- (xx) „regulasie” 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag; (xxvi)
- (xxi) „sertifikaat van goedkeuring” 'n kragtens artikel 4 uitgereikte sertifikaat van goedkeuring; (vi)
- (xxii) „siektebesmet” besmet of aangetas deur siekte en met betrekking tot 'n dier of vleis ook aangetas deur enige tekortkoming, minderwaardigheid of abnormale toestand wat die vleis van die betrokke dier of die betrokke vleis vir menslike verbruik ongeskik maak; (xi)
- (xxiii) „skoonmaak” om die huid, vel, hare, vere, binne goed, harslag, kop, bene, pootjies, kloutjies, hoewe, voete, stert en diafragma, na gelang van die geval, ten opsigte van die betrokke diersoort, te verwijder; (xii)
- (xxiv) „slag” doodmaak met die doel om die vleis of dierlike produkte wat van die betrokke dier verkry word vir menslike of dierlike verbruik of vir handelsdoel-eindes te gebruik; (xxviii)
- (xxv) „toestel” enige masjinerie, implement, apparaat, gereedskap, instrument, werktuig, blok, omhulsel, vat, kan, doos, verpakking, mandjie, fles,houer, vergaarbak of ander ding, hetsy van dieselfde soort as die dinge voormeld al dan nie, wat gebruik word of vermoedelik gebruik word by of vir enige doel van of in verband met 'n abattoir; (iv)
- (xxvi) „veearts” 'n persoon wat kragtens die Veeartswet, 1933 (Wet No. 16 van 1933), as sodanig geregistreer is; (xxxii)
- (xxvii) „verbode dier” enige dier wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n verbode dier vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar; (xxv)
- (xxviii) „verkoop” ook vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, vervoer, lewer of voorberei of verruil of teen enige vergoeding hoegenaamd van die hand sit of ingevolge 'n verkoping, verruiling of vandie-handsetting soos voormeld, versend, vervoer of lewer; (xxvii)
- (xxix) „vervoermiddel” 'n voertuig, vaartuig of vliegtuig; (viii)
- (xxx) „vleis” enige gedeelte van die dierlike liggaam wat gewoonlik vir menslike verbruik gebruik word en ook enige eetbare afval; (xviii)

- (xxxii) "vehicle" means any description of cart, wagon, truck, barrow, carriage, motor vehicle, cycle or other means of transport on land whatsoever, and includes any meat delivery container; (xxxii)
- (xxxiii) "veterinarian" means a person registered as such under the Veterinary Act, 1933 (Act No. 16 of 1933).
- (xxvi)

Designation of Chief Meat Hygiene Officer.

2. (1) The Minister shall designate an officer, who shall be a veterinarian, as Chief Meat Hygiene Officer, who shall exercise the powers, perform the functions and carry out the duties conferred upon, assigned to or imposed upon the Chief Meat Hygiene Officer by or under this Act.

(2) The Chief Meat Hygiene Officer shall exercise his powers, perform his functions and carry out his duties with due regard to any instructions issued by the Minister.

(3) (a) Any power conferred upon, function assigned to or duty imposed upon the Chief Meat Hygiene Officer may be exercised, performed or carried out by the Chief Meat Hygiene Officer personally or by an officer under a delegation from or under the control or direction of the Chief Meat Hygiene Officer.

(b) Any decision made by any such officer may be withdrawn or amended by the Chief Meat Hygiene Officer and shall, until it has been so withdrawn be deemed, except for the purposes of this paragraph, to have been made by the Chief Meat Hygiene Officer.

3. The Chief Meat Hygiene Officer shall establish and keep a register wherein shall be noted—

(a) the name and address of the owner of every abattoir in respect of which a certificate of approval has been issued in terms of section 4;

(b) the identification number allotted to any such abattoir in terms of section 5, the grade determined in respect of any such abattoir in terms of section 7, 10 or 11 and such other particulars in regard to any such abattoir as may be prescribed;

(c) the cancellation or withdrawal of any such certificate; and

(d) such other particulars as may be prescribed.

Certificates of approval.

4. (1) Application for the issue of a certificate of approval in respect of an abattoir shall be made to the Chief Meat Hygiene Officer by the owner in the form and manner prescribed and shall be accompanied by the prescribed application fee.

(2) If after consideration of any such application and after any investigation or enquiry which he may consider necessary, the Chief Meat Hygiene Officer is satisfied that the abattoir in question complies with the prescribed requirements he shall issue a certificate of approval in respect of such abattoir, and if he is not so satisfied he shall refuse to issue such a certificate.

(3) A certificate of approval may be issued subject to such conditions as the Chief Meat Hygiene Officer may in each case determine and shall be valid for such period as may be prescribed.

(4) A certificate of approval shall lapse if the owner to whom it was issued ceases to be the owner of the abattoir in question.

Allotment of identification numbers to abattoirs.

5. The Chief Meat Hygiene Officer shall allot to every abattoir in respect of which a certificate of approval is issued an identification number which shall be endorsed on the certificate of approval.

Chief Meat Hygiene Officer to determine grades of abattoirs.

6. (1) The Chief Meat Hygiene Officer shall by notice in the Gazette determine grades of abattoirs for the purposes of this Act, and in so doing he may adopt any basis of differentiation which he may deem fit.

(2) The Chief Meat Hygiene Officer shall in like manner determine the requirements which are to be complied with before an abattoir can qualify for any particular grade.

Chief Meat Hygiene Officer to determine the grade of each abattoir.

7. The Chief Meat Hygiene Officer shall before the issue of a certificate of approval in respect of any abattoir in terms of section 4 first determine the grade of such abattoir.

Inspection and investigation.

8. Before determining the grade of any abattoir in terms of section 7 the Chief Meat Hygiene Officer shall cause such abattoir to be inspected by one or more designated officers, inspectors or authorized persons designated, appointed or authorized in terms of section 21 and may make or cause to be made such further investigations in regard thereto as he may deem fit.

- (xxxii) „voertuig” enige soort kar, wa, trok, kruiba, rytuig, motorvoertuig, rywiel of ander vervoermiddel op land hoegenaamd, en ook enige vleisafleveringshouer;
(xxxiii)
(xxxiv) „voorgeskryf” by regulasie voorgeskryf. (xxiv)

2. (1) Die Minister wys 'n beampete, wat 'n veearts is, as **Aanwysing van Hoof-vleishigiënebeampte** aan, wat die bevoegdhede uitoefen, die werksaamhede verrig en die pligte uitvoer wat by of kragtens hierdie Wet aan die Hoof-vleishigiënebeampte verleen of toege-wys of hom opgelê word.

(2) Die Hoof-vleishigiënebeampte oefen sy bevoegdhede uit, verrig sy werksaamhede en voer sy pligte uit met inagneming van die opdragte wat die Minister uitreik.

(3) (a) 'n Bevoegdheid verleen of werksaamheid toegewys aan die Hoof-vleishigiënebeampte of 'n plig hom opgelê, kan deur die Hoof-vleishigiënebeampte self, of deur 'n beampete ingevolge magtiging of onder beheer of toesig van die Hoof-vleishigiënebeampte uitgeoefen, verrig of uitgevoer word.

(b) 'n Beslissing gegee deur so 'n beampete kan deur die Hoof-vleishigiënebeampte ingetrek of gewysig word en word, totdat dit aldus ingetrek is, behalwe by die toepassing van hierdie paragraaf, geag deur die Hoof-vleishigiënebeampte gegee te gewees het.

3. Die Hoof-vleishigiënebeampte moet 'n register aanlê en **Aanlê en hou van register** hou waarin aangeteken word—

- (a) die naam en adres van die eienaar van elke abattoir ten opsigte waarvan 'n sertifikaat van goedkeuring kragtens artikel 4 uitgereik is;
- (b) die identifikasienommer wat kragtens artikel 5 aan so 'n abattoir toegeken is, die graad wat kragtens artikel 7, 10 of 11 ten opsigte van so 'n abattoir bepaal is en die ander besonderhede met betrekking tot so 'n abattoir wat voorgeskryf word;
- (c) die kanselling of intrekking van enige sodanige sertifikaat; en
- (d) die ander besonderhede wat voorgeskryf word.

4. (1) Aansoek om die uitreiking van 'n sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van 'n abattoir moet in die vorm en goedkeuring. op die wyse wat voorgeskryf word by die Hoof-vleishigiënebeampte gedoen word deur die eienaar en moet vergesel gaan van die voorgeskrewe applikasiegeld.

(2) Indien die Hoof-vleishigiënebeampte na oorweging van so 'n aansoek en na enige ondersoek of navraag wat hy nodig ag, oortuig is dat die betrokke abattoir aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, moet hy 'n sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van sodanige abattoir uitreik en indien hy nie alduis oortuig is nie moet hy weier om so 'n sertifikaat uit te reik.

(3) 'n Sertifikaat van goedkeuring kan uitgereik word op die voorwaardes wat die Hoof-vleishigiënebeampte in elke geval bepaal en is geldig vir die tydperk wat voorgeskryf word.

(4) 'n Sertifikaat van goedkeuring verval indien die eienaar aan wie dit uitgereik is, ophou om die eienaar van die betrokke abattoir te wees.

5. Die Hoof-vleishigiënebeampte moet aan elke abattoir ten opsigte waarvan 'n sertifikaat van goedkeuring uitgerek word **Toewysing van identifikasienommers aan abattoirs** 'n identifikasienommer toewys wat op die sertifikaat van goedkeuring aangeteken moet word.

6. (1) Die Hoof-vleishigiënebeampte moet vir die doeleindes van hierdie Wet by kennisgewing in die *Staatskoerant* grade van abattoirs bepaal, en wanneer hy dit doen, kan hy enige grondslag van differensiasie wat hy goedvind, toepas. **Hoof-vleishigiënebeampte moet grade van abattoirs bepaal.**

(2) Die Hoof-vleishigiënebeampte moet op dieselfde wyse die vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n abattoir vir 'n bepaalde graad in aanmerking kan kom, bepaal.

7. Die Hoof-vleishigiënebeampte moet, voordat 'n sertifikaat van goedkeuring kragtens artikel 4 ten opsigte van 'n abattoir uitgerek word, eers die graad van sodanige abattoir bepaal. **Hoof-vleishigiënebeampte moet graad van elke abattoir bepaal.**

8. Voordat hy die graad van 'n abattoir kragtens artikel 7 **Inspeksie en ondersoek** bepaal, moet die Hoof-vleishigiënebeampte die abattoir deur een of meer aangewese beamptes, inspekteurs of gemagtigde persone wat kragtens artikel 21 aangewys, aangestel of gemagtig is, laat inspekteer en kan hy die verdere ondersoeke wat hy goedvind met betrekking daartoe instel of laat instel.

Certificates of approval to be displayed.

9. (1) The owner of any abattoir shall cause the certificate of approval issued in respect of such abattoir to be displayed at all times in a prominent position at or near the main entrance of the abattoir.

(2) If any abattoir in respect of which a certificate of approval has been issued, ceases to be an abattoir, or if any certificate of approval issued in respect of any abattoir lapses in terms of section 4 (4) or if any certificate of approval issued in respect of any abattoir is withdrawn in terms of section 14, the person who was the owner of the abattoir immediately before such abattoir ceased to be an abattoir, or was the owner of the abattoir immediately before the certificate of approval lapsed, or was the owner of the abattoir at the time of the withdrawal of the certificate of approval, as the case may be, shall forthwith return the certificate of approval in question to the Chief Meat Hygiene Officer for cancellation.

(3) If any abattoir is regraded in terms of section 10 or 11, the owner thereof shall forthwith return the certificate of approval which was issued in respect of such abattoir to the Chief Meat Hygiene Officer for cancellation and the Chief Meat Hygiene Officer shall thereupon issue a fresh certificate of approval to the owner.

Change of grading.

10. The Chief Meat Hygiene Officer may at any time after having given the owner concerned a reasonable opportunity of making such representations in writing as he may wish to make in regard to the matter, regrade any abattoir, if in his opinion reasonable and sufficient grounds exist for doing so.

Applications for regrading of abattoirs.

11. (1) The owner of any abattoir may, subject to such conditions as may be prescribed, apply to the Chief Meat Hygiene Officer in the prescribed manner and form for the regrading of such abattoir.

(2) The Chief Meat Hygiene Officer shall consider the application and give such decision thereon and take such action as he considers appropriate.

Reasons for refusal to issue certificate of approval or imposition of conditions.

12. The Chief Meat Hygiene Officer shall, on written application being made within the prescribed period, supply in writing within the prescribed period the reasons for his decision in every case where an application for the issue of a certificate of approval has been refused or where a certificate of approval has been issued subject to conditions in terms of section 4 (3).

Appeal to Minister.

13. (1) Any person—

- (a) whose application for the issue of a certificate of approval has been refused; or
- (b) whose certificate of approval has been issued subject to conditions in terms of section 4 (3),

may within the prescribed period appeal to the Minister against such refusal or imposition of conditions and the Minister's decision shall be final.

(2) The decision of the Minister on an appeal shall for all purposes be deemed to be a decision of the Chief Meat Hygiene Officer.

Withdrawal of certificate of approval.

14. The Minister may at any time withdraw any certificate of approval which has been issued in respect of any abattoir if he is satisfied—

- (i) that the owner thereof has failed to comply with any conditions subject to which such certificate has been issued; or
- (ii) that the abattoir does not comply with the prescribed requirements.

Reissue of withdrawn certificate.

15. The Minister may at any time during the period during which a certificate of approval withdrawn in terms of section 14 would have been valid if it had not been so withdrawn instruct the Chief Meat Hygiene Officer to reissue the withdrawn certificate.

Use prohibited of abattoir in respect of which a valid certificate of approval is not held.

16. No owner of any abattoir shall permit such abattoir to be used for the slaughter of animals unless there is in force in respect of such abattoir a valid certificate of approval.

9. (1) Die eienaar van 'n abattoir moet die sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van sodanige abattoir uitgereik is te alle tye op 'n opvallende plek by of naby die hoofingang van die abattoir laat tentoonstel. Sertifikate van goedkeuring tentoongestel te word.

(2) Indien 'n abattoir ten opsigte waarvan 'n sertifikaat van goedkeuring uitgereik is, ophou om 'n abattoir te wees, of indien 'n sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van 'n abattoir uitgereik is, ingevolge artikel 4 (4) verval, of indien 'n sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van 'n abattoir uitgereik is, kragtens artikel 14 ingetrek word, moet die persoon wat die eienaar van die abattoir was onmiddellik voordat sodanige abattoir opgehou het om 'n abattoir te wees, of die eienaar van die abattoir was onmiddellik voordat die sertifikaat van goedkeuring verval het, of die eienaar van die abattoir was ten tye van die intrekking van die sertifikaat van goedkeuring, na gelang van die geval, onverwyld die betrokke sertifikaat van goedkeuring aan die Hoof-vleishigiënebeampte vir kansellering terugbesorg.

(3) Indien 'n abattoir kragtens artikel 10 of 11 hergradeer word, moet die eienaar daarvan onverwyld die sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van sodanige abattoir uitgereik is, aan die Hoof-vleishigiënebeampte vir kansellering terugbesorg en die Hoof-vleishigiënebeampte moet daarop 'n nuwe sertifikaat van goedkeuring aan die eienaar uitreik.

10. Die Hoof-vleishigiënebeampte kan te eniger tyd nadat Verandering van hy die betrokke eienaar 'n redelike geleentheid gegee het om gradering. die skriftelike vertoë te rig wat hy wens om met betrekking tot die aangeleentheid te rig, 'n abattoir hergradeer, indien daar na sy oordeel redelike en voldoende gronde bestaan om dit te doen.

11. (1) Die eienaar van 'n abattoir kan, onderworpe aan Aansoek om die voorgeskrewe voorwaardes, by die Hoof-vleishigiënebeampte hergradering van abattoirs. aansoek doen, op die wyse en in die vorm wat voorgeskryf word, om die hergradering van sodanige abattoir.

(2) Die Hoof-vleishigiënebeampte moet die aansoek oorweeg en gee die beslissing ten opsigte daarvan en doen die stappe wat hy paslik ag.

12. Wanneer skriftelik binne die voorgeskrewe tydperk daar- Redes vir om aansoek gedoen word, verskaf die Hoof-vleishigiënebeampte weiering om binne die voorgeskrewe tydperk skriftelik die redes vir sy sertifikaat van goedkeuring uit beslissing in elke geval waar 'n aansoek om die uitreiking van 'n sertifikaat van goedkeuring geweier is of 'n sertifikaat van oplegging van goedkeuring op voorwaardes uitgereik is kragtens artikel 4 (3). voorwaardes.

13. (1) Iemand— Appèl na Minister.
(a) wie se aansoek om die uitreiking van 'n sertifikaat van goedkeuring geweier is; of
(b) wie se sertifikaat van goedkeuring op voorwaardes uitgereik is kragtens artikel 4 (3),

kan binne die voorgeskrewe tydperk by die Minister teen sodanige weiering of oplegging van voorwaardes appèl aan teken en die Minister se beslissing is afdoende.

(2) Die Minister se beslissing oor 'n appèl word vir alle doel-eindes geag 'n beslissing van die Hoof-vleishigiënebeampte te wees.

14. Die Minister kan te eniger tyd 'n sertifikaat van goedkeuring wat ten opsigte van 'n abattoir uitgereik is, intrek indien hy oortuig is— Intrekking van sertifikaat van goedkeuring.

- (i) dat die eienaar daarvan versuim het om te voldoen aan 'n voorwaarde waarop sodanige sertifikaat uitgereik is; of
- (ii) dat die abattoir nie voldoen aan die voorgeskrewe vereistes nie.

